

## Saterdag 30 Maart

**Skrifgedeelte: Josua 24:1-2, 14-28**

**Fokusgedeelte: Josua 24:15d**

### 'n Verbondsgesin dien die Here

In die gelese Skrifgedeelte en in die vorige hoofstuk word aan ons vertel hoedat Josua aan die einde van sy lewe by twee geleenthede die leiers van die volk bymekaar geroep het om van hulle en van die hele volk van Israel afskeid te neem. Maar hulle word ook andermaal vermaan en opgewek om die Here hulle God te dien en lief te hê, en sy verbond te hou.

Hy wys hulle eers op die hele pad waarlangs die Here hulle gelei het totdat Hy hulle in die beloofde land gevestig het. En dan stel hy hulle voor die allerbeslissende keuse: *“Kies dan vandag wie julle wil dien”* (vs 15). Hulle kan nie God én die afgode van die heidense nasies tegelyk dien nie.

Josua verklaar onomwonde in ons teksvers wat sy keuse is: *“Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien!”* En dan antwoord die volk, tot tweemaal toe (vs 21, 24) dat ook hulle die Here sal dien, want Hy is ook hulle God.

Ons word as ook as Christengelowiges en as verbondsouers voor 'n keuse gestel. Die Here Jesus het by geleentheid verklaar: *“Hy wat nie met My is nie, is teen My ...”* (Luk. 11:23).

Wat is u en my keuse? Mag ons in gehoorsaamheid aan die wil van ons hemelse Vader, in dankbaarheid teenoor ons Verlosser, Jesus Christus, en gedring deur die liefde en genade wat die Heilige Gees in ons harte werk, elkeen van harte aan die Here antwoord en belowe: *“Wat my en my familie betref, óns sál die Here dien”*, al die dae van ons lewe.

*Sing: Psalm 100-1:1*

*Dagstukkies Almanak 1999*